



Op 8 Januarie 1954 was daar groot opgewondenheid. Die rede: 'n nuwe gemeente naamlik die NG Gemeente Gezina is gestig. Later, in Mei 1963, sou die naam verander na die NG Gemeente Rietfontein-Suid. Aanvanklik was daar 500 lidmate wat in die skoolsaal van die Eben Swemmer Laerskool kerkdienste gehou het. Vanaf Mei 1956 kon die gemeente in hul eie gebou (die kleinsaltjie) bymekaarkom. Maar 'n gemeente moet darem 'n kerkgebou hê! Hierdie ideaal is begin verwesenlik met die eerste sooi vir 'n kerkgebou wat op 18 April 1964 gespit is. In November 1965 is die kerkgebou ingewy vir gebruik tot vandag toe, en ons glo tot met Jesus Christus se wederkoms.

Verskeie predikante het in die gemeente gedien, soms tot 4 tegelyk. Deur die jare is honderde babas gedoop, nog meer lidmate het belydenis van geloof afgelê, baie het met vreugde hier in die huwelik getree, en van baie is met hartseer uit hierdie gemeente afskeid geneem. Op verskeie wyses is menselewens (dié in die gemeente en dié daarbuite) geraak deur die bestaan van die gemeente Rietfontein-Suid.

*Vir ons is 2004 'n Feesjaar!* En wanneer ons vanjaar feesvier, is dit met dank aan God Drieënig wat hierdie gemeente deur al die jare bewaar het, en dank aan Hom wat ook ons as gemeente gebruik om Sy koninkryk te laat kom. Dank vir 50 jaar van genade vir ons gemeente, dank vir 40 jaar waartydens ongeveer 4500 eredienste in ons kerkgebou kon plaasvind, dank vir onderskeidelik 20 en 10 jaar wat die 2 dominees Leons' in die gemeente dien, dank vir 10 jaar van Aksie Plus, dank vir soveel ander seëninge wat die Here uit genade vir ons gemeente gee.

Al hierdie sake vra dat ons as gemeente feesvier. En dit is presies wat ons einde Mei gaan doen. Tydens die aanddiens van 23 Mei het ons 'n Feeslofprysingsdiens, en op die aande van Maandag 24 tot Donderdag 27 Mei hou ons Pinksterfeesdienste, gelei deur predikante wat voorheen in die gemeente gedien het.

*En dan die Feesnaweek!* Op Vrydagaand 28 Mei skop ons die Feesnaweek af met 'n gemeentekonsert in die kerksaal. Op Sondagoggend 30 Mei lei een van die vorige predikante die diens, met die huidige leraars wat Nagmaal bedien. *En wat is 'n feesdiens sonder 'n Feesoffer!* Tydens die diens word 'n offer opgeneem waarmee ons uit ons harte op 'n tasbare wyse vir die Here dankie sê vir 50 jaar se genade. En dat ons daarin mag deel. Ná die diens is daar 'n lekker feeskuier in die saal, waar al die oudpredikante en -lidmate saam met ons kuier.

*Ons nooi u hiermee om deel te neem aan die feesgebeure, en om (veral oudlidmate) solank daarna uit te nooi.*



## DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Soos belowe, word die aanwending van die Kersdiensskenking aan Huis 4 graag hierdie maand gemeld. Die bedrag beloop egter nie R1 000 soos voorheen genoem nie, maar wel R3 010 wat soos volg aangewend is:

- R50 geskenkgeld aan elk van die 13 kinders asook Marie, die huismoeder en Anna, huishulp wat gesamentlik R750 beloop. Die partytjie vir die kinders het R200,65 gekos en die res (R2 059, 35) het Marie gebruik vir die aankoop van skoolklere en om vir die gr 7 kinders se verpligte kamp te betaal. Die geskenk \geld word volgens elkeen se keuse maar in oorleg met Marie spandeer. \n Groot dankie aan almal wat so gereeld \n warm hart en oop hand vir Huis 4 het.



### Gesoek

gemeentelede om betrokke te raak by huisbesoeke aan siekes. Opleiding sal verskaf word. Belangstellendes kan Pierre Malan kontak by 331 3119



Onthou asb. om koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand te bring. Baie dankie vir u ondersteuning.

## GESINSBEDIENING

2004 is *Familiejaar*!! "Jy is Familie van God" is een van die wonderlikste stellings wat oor jou gemaak kan word. \n Familie word bymekaar gehou deur die gom van liefde en die sement van wedersydse respek. \n Familie is die skuiling teen die storms, \n veilige hawe wanneer die branders van die lewe te erg word. Maar dit is ook die plek waar jy altyd welkom sal wees. Niemand wat \n deel van die familie is, sal ooit alleen wees nie. So behoort dit altans te wees. So lyk die familie van God.

Om deel te word van hierdie familie beteken dat jy nooit alleen is nie. Weet jy dat \n mens nie op sy of haar eie regtig kan oorleef nie? Dit is net so met bye. Een van die interessante feite oor heuningbye is dat wanneer jy \n heuningby van die res van die swerm isoleer en hom bly versorg met genoeg kos en water, dit wil sê in die ideale habitat, jy verseker kan weet dat die by binne twee of drie dae sal vrek. Daar is iets in die gemeenskap van heuningbye wat die swerm aan die lewe hou. Jy kan met heuningbye boer, maar jy kan nooit met \n enkele heuningby boer nie. *Gelukkig kan jy sê: "Ek is familie van God."*



Ons bely wel dat Jesus die Enigste Kind van God is. Daar is geen ander nie. Gelukkig is ons aangename kinders van God. Deur Jesus neem God ons as Sy kinders aan. Hierdie gedagte kan soos volg verduidelik word: "Twee boeties sit in dieselfde skoolklas. Juffrou skryf die name en geboortedatums op. Jannie is sewe en hy verjaar op 1 Mei. Pieter is ook sewe en hy verjaar op 1 Augustus. Albei is in dieselfde jaar gebore. Juffrou kyk vraend op. Twee

*boeties wat ewe oud is en net drie maande na mekaar verjaar? “Ja , Juffrou,” sê Pieter effens onseker. “Dit is so. Een van ons is aangeneem. Maar Juffrou, ongelukkig weet ek nie watter een nie.” Dit is die evangelie! God het net een natuurlike Kind en 'n hele boel aangenome kinders, maar Hy maak geen onderskeid nie. Jou naam en my naam staan langs Jesus se Naam. Wat Hy gaan erf, gaan ons ook van God erf. Dit is genade.*

Om hierdie “familie-wees” van God ook in ons gemeente gestalte te laat vind, bied die **Gesinsbediening** veral twee wonderlike geleenthede hierdie jaar aan. Die eerste hiervan is die

### Manne-ontbyt

vir alle mans, pa's en seuns op **6 Maart** om saam te val met die Wêreldbiddag vir Mans. Kom wees deel van die familie van God. Geniet 'n heerlike ontbyt, besigtig uitstallings spesiaal vir mans en kom vind meer uit oor God se plan vir mans. *Andries van Heerden is die gasspreker by die geleentheid.*

### Huweliksweek



Moet ook nie die tweede geleentheid misloop nie. Die is al byna 'n instelling in ons gemeente en word ryklik deur God geseen. Dr Floris Knouds sal weer die spreker wees tydens die geleentede wat plaasvind vanaf 18 tot 21 April en 'n wonderlike program word beplan waarin spesiaal voorsiening gemaak word vir kinders. *Belangstellendes kan gerus met Gert Kok skakel vir meer inligting in verband met die twee geleenthede (Tel: 330-1551 of 0721202952).*

*Onthou die storie van die heuningbye! Jy is spesiaal, want jy is familie van God.*  
(Uittreksel uit Goeie Genade, jy is spsiaal! Ewald van Rensburg. Uitgegee deur Lux Verbi, 2002)



Ons is uitermate dankbaar vir die wyse waarop die Here die werk van *Brood vir Nood* seën !  
*Ons Heer se goedheid en barmhartigheid het geen einde nie!*

Die drie hulpaksies waaroor ek hierdie maand wil nuus gee is:

#### 1. Die Trollie-projek

Die papierherwinnaars wat in die Moot se strate weekliks met hul trollies (as 'n mens sommige se “gedoentes” wat met draad, toue en nog-wat aan mekaar gehou word, so kan noem) die papier en karton versamel, lewer 'n waardevolle diens aan die gemeenskap!

Daarom reik ons graag 'n helpende hand na hierdie mense uit. Ons identifiseer persone wat reeds aktief versamel, maar wat 'n beter trollie nodig. Ons voorsien dan 'n trollie op bruikleen en hou 'n ogie oor die toestand en gebruik van die trollie. Die trollie is hulle lewe en hulle slaap selfs daarin.

In die proses stap 'n mens 'n pad met die werkers en kan ons die liefde van die Here met hulle deel. Reeds twee trollies is op die pad en die derde is in proses (*dankie aan die borge!*)

Indien u meen dat die werker in u straat redelik betroubaar is en voel dat hy of sy kwalifiseer vir 'n beter trollie, kontak dan asseblief vir *Edward Webb by 082 459 6808*. U kan hom ook kontak indien u 'n trollie wil borg. Die koste is ongeveer R1,200.

## 2. Die Krisisentrum: Moot Krisis-Kontak

In vennootskap tussen die Moot gemeenskapspolisie en Brood vir Nood het die Moot Krisisentrum 'n nuwe bedeling betree. In die toekoms sal dit bekend staan as **Moot Krisis-Kontak**.

Die krisisentrum sal 'n diens lewer om almal wat by die polisiestatie en hospitaal opdaag na 'n traumatiese ervaring en wat van krisisbystand wil gebruik maak bv verkragting, molesting, motorongeluk, aanranding, kaping, selfmoord van familielid of wanneer 'n groot ramp die Moot mag tref.

Daar is 'n hele aantal persone wat reeds laat blyk dat hulle wil in skakel. Saterdag, 13 Maart om 9:00 vind die eerste formele opleiding plaas by die Moot polisiestatie (die Glaskasteelsaal)

### **Navrae: ds Leon van Heerden (331-3023)**

## 3. Hospitaalbediening by Moot hospital


Geluk aan die mense uit ons gemeente wat die kursus van **Hospivisie** voltooi het en sertifikate ontvang het! Ons is trots op julle! Die persone wat aktief hospitaalbesoek doen as deel van die Hospivisiespan het ook almal 'n bakkie ontvang.

Julle doen 'n reuse werk - hou so vol asseblief! Ons benodig nog 'n paar manne en dames, sodat ons nog meer intensief elke saal, elkedag kan besoek.

Vir meer inligting kontak vir ds Leon van Heerden (331-3023)

*Dankie vir julle voorbidding, oop harte en oop hande !*

[U word weereens daaraan herinner dat alle tjeks asseblief aan : **CMR Moot (Brood vir Nood)** uitgemaak moet word.]



**SENDINGFEES** Februarie 2004

*Baie dankie vir elkeen wat die Sendingfees help reël het. En natuurlik vir elkeen wat die dienste bygewoon het. Baie dankie ook vir elkeen wat biddend besin het oor die Geloofsoffer-belofte en wat getrou daartoe gaan bydrae. Weet dat u bydrae verseker dat ons kan voortgaan om ons sendelinge te ondersteun, en dat*

ons met verwagting kan uitsien na groter betrokkenheid by die Koerde. Ons dank die Here dat Hy ons op hierdie wyse in Sy diens gebruik.

### **NAVRAE**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone skakel wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Corné du Plooy + Koerde - Dana  
 Anthonie en Elsabé Welman  
 Francois Janjetich  
 Alta Glass  
 Harold Weepener + Laudium  
 Gebedsketting



- Leon Tait (331 2076)  
 - Japie en Ena le Grange (331 3953)  
 - Cobus & Anena de Waal ( 082 749 7846)  
 - Chris en Eureka Botha (331 1286)  
 - Pieter van Nieuwenhuizen (083 255 0141)  
 - Alet Briers (331 1311)

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

## **WHY WE GO TO CHURCH**

*If you know people who seriously ask this question, here's a good answer!  
 Enjoy!*

A Church goer wrote a letter to the editor of a newspaper and complained that it made no sense to go to church every Sunday. "I've gone for 30 years now," he wrote, "and in that time I have heard something like 3,000 sermons. But for the life of me, I can't remember a single one of them. So, I think I'm wasting my time and the pastors are wasting theirs by giving sermons at all."

This started a real controversy in the "Letters to the Editor" column, much to the delight of the editor. It went on for weeks until someone wrote this clincher.

*"I've been married for 30 years now. In that time my wife has cooked some 32,000 meals. But for the life of me, I cannot recall the entire menu for a single one of those meals. But I do know this: They all nourished me and gave me the strength I needed to do my work. If my wife had not given me these meals, I would be physically dead today. Likewise, if I had not gone to church for nourishment, I would be spiritually dead today!"*

*Faith sees the invisible, believes the incredible and receives the impossible!*

## **EREDIENSBEDIENING**

Die Erediensbediening beywer hulle:

- Vir vreugdevolle en Godverheerlikende eredienste, waar mense werklik 'n ontmoeting met God en met mekaar beleef!
- Om alles in die kerkgebou en liturgiese ruimte so te plaas, te versorg en te bestuur dat alles, die feesvierende karakter van die erediens sal bevorder.
- Om leraars voortdurend aan te moedig tot Skrifgetroue, inspirerende en praktiese boodskappe.
- Om Geesvervulde lofprysing en sang te bevorder.

- Om met egte omgee-liefde mense by die eredienste gasvry te ontvang.


Die bedieninge en komitees wat die diensarms van die Erediensbediening vorm is:

- Bestuurskomitee: oorhoofs verantwoordelik vir alle prinsipiële ooreenkomste (Tom Rademeyer 331-8200)
- Musiekbediening: hanteer alle sake wat met gemeentesang, koorsang en voorsang te doen het (Voorsang: Karin 0829295488; Koor: Chris 330-1972)
- Deurdiensgroep: verwelkom mense by deure (Winnie 331-0860)
- Blommebediening: verantwoordelik vir blomme in kerk (Chrissie 331-3023)

*Ons nooi u hartlik uit om by enige van die werksaamhede van hierdie bediening te kom in skakel!!!*

*NS: Die voorsanggroep gaan in die toekoms slegs by die lofprysingsdiens en jeugdiens die voorsang lei. Ons versoek jongmense wat wil help met voorsang by die jeugdiens om vir Karin asb. te kontak. Kom ouens! kom gee julle stemme ook tot Sy diens!*

*Vir enige verdere inligting kontak vir Tom (331-8200) of Karin (0829295488)*



## OMGEEBEDIENING

DIE OMGEEBEDIENING nooi u hartlik uit om by enige van die volgende Omgeeselle of Omgeegroepes in te skakel. Kontakpersoon vir omgeeselle: Hanna Scheepers (331 2112)

### **Omgeeselle:**

**PETRUS-OMGEESEL:** elke 2de Sondag, 18:00 - 19/520 – selleier : Leon Steyn (331 3200)

**JOHANNES-OMGEESEL:** Donderdae, 17:45 – 13/Pastorie - selleier : ds. Leon Tait (331 2076)

**ANDREAS-OMGEESEL:** Sondag, 18:00 – 19/583 - selleier : Gert Kok (330 1551)

**JAKOBUS-OMGEESEL:** Sondag, 16:00 – Swemmerstr. 613 - selleier : Dries Gibson (335 9215)

**THOMAS-OMGEESEL:** Sondag, 18:00 – Paulsenstr. - selleier : Tom Rademeyer (331 0086)

**TADDEUS-OMGEESEL:** Dinsdae 18:40 – Swemmerstr 686 - selleier: Martiens Adlam (331 1068)

**ELIM-OMGEESEL:** Dinsdae 19:00 – 18/629 – selleier: Harry Reyneke (330 0730 / 083 379 7599)

**FILADELFIA-OMGEESEL:** Sondag, 17:30 – Frederikastr 770 – selleier: Bez Bezuidenhout (331 0342)

### **Omgeegroepes:**

**BYBELSTUDIE-OMGEEGROEP:** Dinsdae, 9:45 – 20/667 - ds Leon van Heerden (331 3023)

**TAIT-VIR-JESUS-OMGEEGROEP:** Dinsdae, 9:45 – konsistorie - ds. Leon Tait (331 2076)

**JANRI-OMGEEGROEP:** Dinsdae, 10:00 - Janri Tehuis - groepleier: Piet Barnard (331 0765)


**ANITA-OMGEEGROEP:** Woensdae, 18:30 - Anita w/s - groepleier: Sarie Greenblatt (331 3248)

**MIDDELJARE-OMGEEGROEP** (dra belange van huwelike en gesinne op die hart): Woensdae, 20:15 – 20/667 - groepleier: ds. Leon van Heerden (331 3023)

**WERKSKLAS-OMGEEGROEP** Donderdae, 14:30 – kerksaal - groepleier: Afke Hepkema (330 1400)

## FONDSEBEDIENING :

### 'MY VERJAARSDAGDANKOFFER'



Elke Sondag is daar koeverte by die kerk-deure gemerk "MY VERJAARSDAGDANKOFFER". Indien u die maand verjaar en u voel u wil deur middel van 'n spesiale dankoffer aan die Here dankie sê vir nog 'n jaar waarin Hy u gespaar en geseën het, kan u gerus een van hierdie koeverte neem. **(Onthou, u deelname hieraan is heeltemal vrywillig. Niemand staan onder 'n verpligting om hieraan deel te neem nie.)**

\*\*\*\*\*

## KINDER & JEUGPROGRAM EERSTE KWARTAAL 2004



### **KINDERKERK EN JUNIOR KATEGESSE: SONDAE 09:00-10:30**

07 Maart  
14 Maart

Almal van Voorskool tot en met Graad 6.

### **SENIOR KATEGESSE: SONDAE 17:00-18:15**

07 Maart  
14 Maart

Almal van Graad 7 tot en met Graad 11.

### **JEUGBYEENKOMS: SONDAE 19:30-20:30:**

07 Maart  
14 Maart

ALLE Hoërskoolleerlinge welkom om saam te kom kuier om 'n koppie koffie.



### **BYBELSTUDIE VIR JONGMENSE: SONDAE 20:00-21:00**

07 Maart  
14 Maart

Vir alle JONGMENSE wat graag hulle kennis van die Bybel wil verbeter en meer wil leer.

### **RINGS NASKOOLSE JEUGAKSIE: MAANDAE 19:00 (1 X MAAND):**

08 Maart (Vrydag)

ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes welkom om saam te kom kuier, geestelik te groei, saam Sy Naam groot te maak.



**ECHO-JEUGLOFPYRSING: DINSDAE 18:30:**

02 Maart      09 Maart      Lofprysings geleentheid vir alle Tieners.  
16 Maart                      23 Maart

**RIEKIES: WOENSDAE 15:00-15:45:**

03 Maart                      10 Maart      As jy op Laerskool is, is hierdie net die plek vir jou.  
17 Maart                      24 Maart      Ons doen baie lekker dinge saam en tussen deur leer ons mekaar en die Here beter ken.

**BYBELBENDE: DONDERDAE 16:30-17:30:**

03 Maart                      10 Maart      Hierdie is die Aksie vir elkeen wat in Graad 6 & 7 is.  
17 Maart                      24 Maart      Kom ontdek jouself deur die Brill van Jesus Christus en kom deel in al die pret en plesier.

**BKJA: DONDERDAE 19:00:**

03 Maart                      10 Maart      ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes  
17 Maart                      24 Maart      welkom om saam te kom kuier, geestelik te groei, saam Sy Naam groot te maak.

**BKJA STAP!!!! 20-22 MAART!**

ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes!  
MOENIE hierdie geleentheid mis nie!! Die roetes wat ons kies is nooit baie moeilik nie en selfs die onfikstes onder ons sal dit kan stap.  
Hou die Pers dop vir verdere inligting!

**ALLE VOLWASSENES!!**

Indien u belangstel om betrokke te raak by Jeugaktiwiteite en voel dat God u roep om met vandag se Jeug te werk, die aksies/kampe finansieel te ondersteun of om op een of ander manier betrokke te raak, moet u asseblief nie huiwer om ons te kontak nie. Ons sal graag van u gawes en talente wil gebruik maak!

***Vir meer inligting:***

Prop. Louis Pienaar 082 878 1743 (Jeugwerker)  
Pieter Meiring 082 487 5462 (Voorsitter van Kinder- en Jeugbediening)

**KERK SE BANKBESONDERHEDE**

Vir persone wat enige inbetalings in die kerkrekening wil doen (of aftrekorder wil reël)

**Bank - ABSA**  
**Tak - Ben Swart**  
**Takkode - 334 645**  
**Naam - NG Gemeente Rietfontein-Suid**  
**Rek nr. - 090197797**